https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1e1

# Vonnisbespreking: Retensieregte is nie sedeerbaar nie *Salvage Genie (Pty) Ltd v ABSA Bank Ltd* (019678/2022) 2024 ZAGPJHC 1029 (10 Oktober 2024); *Nedbank Ltd v Abandoned Vehicle and Truck Solutions (Pty) Ltd* ((074260/2023) 2025 ZAGPPHC 744 (22 Julie 2025))

**J.C. Sonnekus en E.C. Schlemmer**

J.C. Sonnekus, Departement Privaatreg, Universiteit van Johannesburg, en
E.C. Schlemmer, Universiteit van die Witwatersrand

***Opsomming***

Die onlangse uitsprake in *Salvage Genie (Pty) Ltd v ABSA Bank Ltd* 2024 en *Nedbank Ltd v Abandoned Vehicle and Truck Solutions (Pty) Ltd* 2025 bevestig dat ’n retensiereg nie sedeerbaar, verkoopbaar of oordraagbaar is nie. ’n Retensiereg is slegs ’n bevoegdheid wat ’n skuldeiser het om ’n saak terug te hou ter versterking van ’n onderliggende vorderingsreg, en nie ’n selfstandige bate in sy boedel nie. Slegs die oorspronklike *retentor* wat regmatig besit verkry het, kan dit teen sy skuldenaar ten aansien van ’n saak van laasgenoemde uitoefen; sodra beheer oor die saak prysgegee word, verval die bevoegdheid om die saak teen die wil van die eienaar terug te hou.

In die *ABSA*-saak het Salvage Genie beweer dat hulle deur sessie van die onderliggende vorderingsregte van die werkswinkels nie net hul vorderingsregte nie, maar ook hul retensieregte oorgeneem het, en wou hierdie “regte” “perfekteer” om voertuie terug te hou totdat kostes betaal is. Die hof het beslis dat geen sessie van ’n retensiereg moontlik is nie. Salvage Genie het onregmatig opgetree teenoor die eienaars (die banke wat eiendomsreg voorbehou het kragtens die toepaslike kredietooreenkoms) deur beheer oor die voertuie van die eienaars te weerhou.

In die *Nedbank*-saak het die hof verder bevestig dat enige poging om ’n retensiereg oor te dra, nietig is. Die bevel het ondernemings verbied om ooreenkomste te sluit of praktyke te volg wat gemik is op die verkryging, verkoop of sessie van retensieregte oor motorvoertuie.

Die uitsprake het groot implikasies vir besighede wat op hierdie besigheidsmodel steun, soos sekere insleep- en stoorondernemings, en paneelkloppers. Die howe beklemtoon dat retensieregte nie gebruik kan word om vorderinge te versterk vir buitensporige “stoorfooie” wat opgeëis word deur die voertuie onbepaald terug te hou sonder ’n geldige verbintenisskeppende grondslag daarvoor tussen die houer en die eienaar nie.

Die skrywers meen wetgewende ingryping is onnodig; die reg is duidelik en gebaseer op eeue-oue beginsels soos *nemo plus iuris* en *res aliena pignori dari non potest*. Elke aannemer moet self die risiko dra as hy werk aanvaar aan ’n saak wat aan ’n derde behoort sonder dat die derde in die aanbestedingsooreenkoms betrek is.

Die gevolg is dat hierdie besigheidsmodel regtens gesluit is en dat onregmatige praktyke met retensieregte effektief beëindig is.

**Trefwoorde:** abandonnering; kredietkoop; ongegronde verryking; perfektering; retensiereg; sessie; terughoudingsbevoegdheid

***Abstract***

**A lien is not transferable and cannot be ceded**

This analysis examines the legal nature and limits of liens in South African law, with reference to two key recent High Court cases: *Salvage Genie (Pty) Ltd v ABSA Bank Ltd* 2024 ZAGPJHC 1029 and *Nedbank Ltd v Abandoned Vehicle and Truck Solutions (Pty) Ltd* 2025 ZAGPPHC 744. The contribution affirms a long-standing legal principle: A lien is not an independent, transferable patrimonial right, but a legal entitlement (“bevoegdheid”) linked to an existing claim. Once possession of the object is relinquished, the entitlement of retention ceases by operation of law.

The authors begin by emphasising that the term “right of retention” is misleading. Despite being derived from the Roman *ius retentionis*, a lien does not constitute an independent patrimonial right or asset in the holder’s estate. Instead, it is merely a content-based competence arising within an existing creditor–debtor relationship. Comparative authorities (Prechtl 2016, Heilbron 2019 and Wiese 2014) confirm that liens have no absolute effect and operate only relatively between the involved parties.

Because a lien is not a property right, it cannot be transferred, ceded, or sold. Cession applies only to transferable patrimonial rights – not to legal capacities, entitlements or competences. It was firmly established in *Goudini Chrome (Pty) Ltd v MCC Contracts (Pty) Ltd* 1993 1 SA 77 (A) that when a creditor cedes a claim, any related lien or “right of retention” *ipso iure* falls away. Subsequent cases – including *Standard General Insurance v SA Brake*1995 3 SA 806 (A) 814I; *Picardi Hotels Ltd v Thekwini Properties (Pty) Ltd* 2009 1 SA 493 (SCA) 496E; and *Mathale v Linda* 2016 2 SA 461 (CC) – reaffirmed this. The lien exists only as long as the original creditor entitled to retain possession remains the holder of the underlying claim.

Once the *retentor* (the person exercising the lien) relinquishes control over the object, the entitlement lapses immediately. The former holder loses all preference over other creditors and acts unlawfully if the object is delivered to another without authority. The *retentor* has a duty of safekeeping, but no power of disposal or enjoyment over the retained property. This duty distinguishes the *retentor* from a pledgee ("pandhouer"), who may enjoy limited entitlements under a valid security agreement provided the parties agreed to it (*pactum antichreseos*).

The case of *Salvage Genie (Pty) Ltd ("S") v ABSA Bank Ltd* involved disputes over vehicles owned by major banks (ABSA, Nedbank and Standard Bank) that were in S's possession. Salvage Genie applied *ex parte* for an order "perfecting" alleged liens over these vehicles, claiming a monetary entitlement for costs of storage and recovery. Judge Keightley initially granted a provisional order authorising S to retain and even sell the vehicles to cover expenses.

However, the court later recognised that this "perfection" concept was misapplied. Perfection in South African law applies to notarial bonds, not liens. S's application, therefore, rested on a fundamental legal misunderstanding.

Subsequently, the banks sought to set aside the order. Acting Judge Bishop rescinded the interim order with costs, finding Salvage Genie's claim dubious. When the matter returned before Acting Judge Uys (October 2024), S admitted that two vehicles were no longer in its possession. The court found this conduct "wholly unsatisfactory", noting that Salvage Genie had failed to explain how or why it had disposed of the vehicles despite lacking any authority to do so.

The Salvage Genie case exposed a widespread business practice in the motor repair and towing industry. Typically, repairers or panel beaters possessed vehicles that owners failed to collect or pay for. To free up space, these repairers "sold" or "ceded" their claims – and allegedly their "rights of retention" – to companies such as Salvage Genie. The latter would then take possession of the vehicles, claim to step into the *retentors'* shoes, and assert "rights of retention" against the vehicle owners (usually banks under instalment sale or credit agreements).

This arrangement, however, was legally untenable. The original repairers' claims could validly be ceded, but their liens could not. A lien is inherently personal and expires once the object leaves the original *retentor's* control. Moreover, the banks were never debtors of either the repairers or Salvage Genie. The contracts of repair existed between the credit purchasers and workshops – not between banks and repairers – and no enrichment claim or claim for the management of another's affairs (*negotiorum gestio*) could arise against the banks because the patrimonial movement was *cum causa* and not *sine causa*.

Even if the workshops had valid contractual claims, they had no lawful authority to transfer possession to Salvage Genie, as they themselves lacked the entitlement (or power) to dispose (*ius disponendi*). Thus, Salvage Genie's continued possession was both unlawful and *mala fide* (in bad faith).

The banks relied on the *rei vindicatio*. Though ownership of vehicles under credit agreements is sometimes ambiguous, the court accepted that the banks retained ownership through reservation of title until final payment. Ownership cannot be transferred merely by virtue of a consensual obligatory agreement; it also requires a real agreement and delivery – in the case of movable property – between the former owner as seller and the new owner.

It is not immediately clear how delivery could ever have taken place from the seller to the bank. The only possible construction would have to be *attornment*, derived from English law, but the Appellate Division in *Air-Kel (Pty) Ltd t/a Merkel Motors v Bodenstein* 1980 3 SA 917 (A) 922H–923C already unequivocally confirmed that this requires proof of mutual consent among the three parties involved.

One assumes that the court was satisfied that the banks complied with the requirements for attornment and, accordingly, as lawful owners, the banks were entitled to reclaim their vehicles. Salvage Genie bore the burden of proving a valid legal basis for withholding the vehicles, which it could not. Its reliance on cession, alleged unjustified enrichment, and *negotiorum gestio* all failed. The existence of an enrichment claim requires proven, unjustified enrichment that is *sine causa* and impoverishment that is *sine causa* (*Buzzard Electrical (Pty) Ltd v 158 Jan Smuts Avenue Investments (Pty) Ltd* 1996 4 SA 19 (A)) – conditions absent here, as the banks' rights and duties arose from valid credit agreements and on the side of the panel beater, the contractual undertaking of the mandator to pay for the repairs and all consequential expenses.

Judge Uys concluded that Salvage Genie's arguments were fundamentally flawed: A lien cannot be ceded, and the owner cannot be unjustly enriched when simply reclaiming its property. The court ordered Salvage Genie to return all vehicles immediately, authorising ABSA to enlist the sheriff and police if necessary.

The 2025 case extended the reasoning of Salvage Genie. Acting Judge Grobler confronted the same business model involving Salvage Genie and other similar companies. The court categorically held that enrichment or salvage liens cannot be ceded, sold or transferred; any such purported transaction is null and void, and any agreement purportedly transferring possession of property under a lien without proper legal process or the owner's consent is unlawful.

The court further interdicted these companies from engaging in any business practices involving the acquisition or transfer of liens over motor vehicles. Effectively, this judgment shut down their operating business model.

The South African Motor Body Repairers' Association (SAMBRA) expressed alarm, fearing a "legal and operational logjam" as workshops struggle to remove uncollected vehicles. However, the authors dismiss this as misplaced panic: The rulings merely reaffirm principles long embedded in South African and comparative civil law. Liens exist only for lawful possessors vis-à-vis their own debtors and cannot be manipulated as tradable commercial assets.

The article draws a historical parallel with *Cooper v Die Meester* 1992 3 SA 60 (A), which also disrupted entrenched but incorrect commercial practices. Just as the Security by Means of Movable Property Act 57 of 1993 corrected misconceptions about notarial bonds, the recent judgments restore legal clarity regarding liens or "rights of retention".

The authors argue that no legislative amendment is necessary. Contractors and workshops must assess the risk of extending credit when repairing property that belongs to a financier rather than the customer. South Africa's electronic vehicle registry (eNaTIS) already provides mechanisms to verify ownership before undertaking work. Contractors cannot expect banks or the vehicle manufacturer to absorb the consequences of their poor due diligence.

The article also condemns exploitative practices by tow-truck and storage operators who charge excessive "storage fees" for impounded vehicles, often withholding them indefinitely under the guise of a lien. The *Santam Limited v T K T Towing (Pty) Ltd* (22/2151) 2022 ZAGPJHC 850 (31 Oct 2022) and *Springs Car Wholesalers (Pty) Ltd t/a No Finance Cars v Diamond Panelbeaters and Towing CC* (2022/008554) 2023 ZAGPPHC 1186 (2 Oct 2023) cases, amongst others, illustrate such abuse, where operators kept vehicles for their own benefit. Courts increasingly view such actions as a misuse of the "right of retention".

Furthermore, a Dutch decision (ECLI:NL:RBROT:2025:2204) confirms the same principle internationally: A party cannot invoke a lien to compel payment of a third party's debt. The *retentor's* claim must always be directed against his or her own debtor, satisfying the requirement of connectivity ("samehangsvereiste").

In both South African cases under discussion, the courts ordered the return of vehicles to their rightful owners and imposed costs against the claimants.

While justice ultimately prevailed, the authors point out that procedural delays often erode asset value and frustrate rightful owners. Nevertheless, the courts' firm stance will purify commercial practice and restore legal order in the motor repair and salvage industries.

In essence, the judgments in the *Salvage Genie* and *Nedbank* cases reassert a fundamental doctrinal truth: Liens are personal, not patrimonial; temporary, not permanent; and protective, not profitable. They cannot be traded, perfected, or weaponised against non-debtors. The law regarding liens remains grounded in ancient yet enduring principles – *nemo plus iuris transferre potest quam ipse habet*.

**Keywords:** abandonment; buy on credit; cession; entitlement of retention; perfecting; lien "retention right"; unlawful enrichment

## 1. Inleiding

Die bespreking van die betrokke regsaspekte word aan die hand van die twee uitsprake soos kapstokke gedoen – daarom word die uitsprake in die aanhef uitdruklik vermeld.

Daar is reeds herhaaldelik op gewys dat die taalgebruik om na terughoudingsbevoegdhede as retensieregte te verwys, misleidend kan wees vir diegene wat nie verder dink as hul neuse lank is nie (Sonnekus 1991:462–82, 1996:583–91, 1999:397–416, 2006:32–63 en 2024:119–36). Nieteenstaande die gebruik, ook in die Romeinse reg om na sodanige bevoegdheid as 'n *ius retentionis* te verwys, is die terughoudingsbevoegdheid hoogstens 'n inhoudsbevoegdheid van die reghebbende van 'n bepaalde tipe vorderingsreg. Wiese (2014:2547) onderskryf ook die mening. (Sien oor die aard van die retensiereg in die ou en die nuwe Nederlandse BW (Heilbron 2019:14).) Dit vorm as sodanig nie alleenstaande 'n vermoënsreg van die *retentor* (persoon wat die retensiereg uitoefen) nie en word gevolglik ook nooit as deel van die bates geklassifiseer in die boedel van 'n oorlede *retentor* in daardie likwidasie- en distribusierekening nie. Ook in ander regstelsels binne die sivielregfamilie word aanvaar dat die terughoudingsbevoegdheid geen vermoënsreg is nie:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1e1

> Rechtsnatur des Zurückbehaltungsrechts ist strittig: … Nach hA … zählt es jedoch nicht zu den dinglichen Rechten. … Das Zurückbehaltungsrecht entfaltet keinerlei absolute Wirkungen, sondern wirkt relativ in Bezug auf die Pflicht zur Erfüllung einer Gegenverpflichtung: Der Berechtigte muss nicht tätig werden, bevor ein bestimmter Umstand eingetreten ist – dies allein genügt jedoch nicht, um ein Retentionsrecht als subjektives Recht zu bezeichnen, da sich aus einem Zurückbehaltungsrecht keine positiven Befugnisse für einzelne Rechtssubjekte ergeben. (Prechtl 2016:533)

Sessie is beperk tot die oordrag van bepaalde vermoënsregte maar inhoudsbevoegdhede, soos ook kompetensies, kan nie van een regsubjek op ’n ander oorgedra word nie (sien *Goudini Chrome (Pty) Ltd v MCC Contracts (Pty) Ltd*: “In short, having surrendered its claim for payment to the bank, the respondent surrendered any lien it may have had against Canadian Gold or, for that matter, the appellant” (1993 1 SA 77 (A) 87H–I saamgelees met 86B).

Scott, wat in navolging van onder andere Wiarda (1937:261) die deur ooplaat vir ’n afwyking van die *Goudini*-beslissing, kan verskil van die uitsprake op dié punt, maar vir die huidige kom dit voor dat die howe die argumentslyn van die *Goudini*-saak steeds konsekwent toepas, onder meer in *Standard General Insurance Co Ltd v SA Brake CC* 1995 3 SA 806 (A) 814I; *Picardi Hotels Ltd v Thekwini Properties (Pty) Ltd* 2009 1 SA 493 (HHA) 496E; *Mathale v Linda* 2016 2 SA 461 (KH) par. 49 n. 24; Scott (2018:12 en 393–6) en Wiese (2012:281).

Daarteenoor vorm die onderliggende vorderingsreg waarvoor die terughoudingsbevoegdheid ter versterking dien, uiteraard in eie reg as vermoënsreg ’n bate in die boedel van die skuldeiser ongeag of die vorderingsreg ook versterk is met ’n terughoudingsbevoegdheid al dan nie. Sedert *Lief v Dettmann* 1964 2 SA 252 (A) 259F, staan dit in die Suid-Afrikaanse reg vas dat waar ’n vorderingsreg sedeer is wat met ’n beperkte saaklike sekerheidsreg versterk was, verkry die sessionaris weliswaar die gesedeerde vorderingsreg, maar word nie ook reghebbende van die oorspronklike sekerheidsreg nie. Die sekerheidsreg verval *ipso iure* deur regswerking omdat die oorspronklike reghebbende daarvan na die suksesvolle sessie as sedent nie langer reghebbende van die onderliggende vordering is waarmee die sekerheidsreg verkoppel was nie. Hoewel die *retentor* van regsweë die verpligting het om die sekerheidsobjek soos ’n bewaarhouer te bewaar, geniet hy geen beskikkings- of genotsbevoegdhede uit hoofde van sy beheer van die saak nie. Hy mag dit byvoorbeeld nie tot sy eie voordeel benut of gebruik nie:

> Die *retentor* is verplig om die teruggehoude saak te bewaar – wigte en teëwigte by eierigting ... Die beklemtoning van die sorgplig van die *retentor* jeens die eienaar spoor aan tot ’n kort periode van terughouding indien die koste wat die behoorlike versorging en bewaring van die teruggehoude saak meebring deur die *retentor* self gedra moet word en nie afgewentel kan word op die reghebbende van die saak nie. In die Nederlandse reg het die hof te Arnhem in 1977 (NJ 1978, 376 en sien ook Aarts 1990:329 en Fesevur 2017:216) reeds uitdruklik téén ’n kostevergoeding soos gevorder deur die *retentor* beslis. In belang van billikheid jeens beide partye moet die *retentor* ontmoedig word om sy eierigting oewerloos te laat botvier en sommer te besluit om onbepaald die saak van die eienaar terug te hou. (Sonnekus 2024b:222, 238–9)

Dit sou ook verregaande wees indien dit anders sou wees. Nie eens die pandhouer as reghebbende van die beperkte saaklike sekerheidsreg het sonder ’n uitdruklike *pactum antichreseos* die bevoegdheid om voordeel uit die pandobjek te trek nie – en, anders as die terughoudings-bevoegdheid, is die pandreg ’n beperkte saaklike sekerheidsreg gebaseer op ’n saaklike ooreen-

koms met die eienaar van die saak. Daarteenoor spruit die terughoudingsbevoegdheid nooit uit ’n saaklike ooreenkoms of ’n verbintenisskeppende ooreenkoms nie, maar ontstaan dit van regsweë, mits aan al die vereistes voldoen word. Die *retentor* is nooit ’n besitsdienaar vir die reghebbende eienaar van die saak nie en geniet dus ook nooit die *ius disponendi* wat nodig sou wees om die besit oor die objek regmatig aan ’n ander beskikbaar te kan stel nie.

## 2. Die beperkings van retensieregte

In die onderhawige *Salvage Genie*-uitspraak is, benewens Absa Bank, ook Nedbank en Standard Bank betrokke in die litigasie, hoewel die uitspraak slegs as voorbeeld verwys na die aanspraak van Absa Bank as eienaar op drie voertuie (’n Kia Sportage, ’n Renault Kwid en ’n Jeep Gladiator Cherokee) wat in die besit van Salvage Genie (S) ten tye van *litis contestatio* was. Duidelik is S ook in besit van talle ander voertuie wat onder andere aan van die ander kredietverskaffers behoort en onder soortgelyke omstandighede in die beheer van S beland het. Vir die doeleindes vorm die uitspraak ’n duidelike presedent wat ook die regsverhouding van S met betrekking tot die ander voertuie onder sy beheer ten opsigte van die ander kredietverskaffers beheers. (Tensy anders aangedui, is verwysings na en aanhalings uit hierdie uitspraak.)

S het in Oktober 2022 ’n *ex parte*-aansoek voor regter Keightley gebring vir die volgende regshulp: “It *inter alia* sought for a *lien* (which Applicant alleged to possess over a host of motor vehicles contained within a schedule) to be ‘perfected’ and for Applicant to be declared to be entitled to ‘*its claim sounding in money*’ in terms of each vehicle as well as a multitude of ancillary relief” (par. 3.1; ons beklemtoning). Regter Keightley het op 27 Oktober 2022 sodanige regshulp aan S ingevolge die *ex parte* aansoek verleen, nieteenstaande die feit dat die ander betrokke partye nie aangehoor is nie:

1. That the lien which the Applicant holds over the motor vehicles mentioned in ‘Annexure A1’ (vehicles listed in the table as A489 – A507), *be perfected* and the Applicant be entitled to its claim sounding in money in terms of each vehicle therein contained.
2. That the Applicant *is entitled to dispose of the vehicle(s) to defray its costs*.
3. That this order sought be valid against the registered owner and/or titleholder(s) and/or any other third parties who allege a claim against a vehicle listed in Annexure ‘A1’.
4. That this order sought be valid and binding in respect of the vehicle licensing authorities in any province of the Republic of South Africa.
5. That the above rule operate as an interim order and that the Respondent(s) be ordered to show cause (if any) to the above Honourable Court on 1st day of December 2022 at 10h00 why this order should not be confirmed and punitive costs thereof be granted against the Respondent(s) on attorney and client scale.
6. The return date may be anticipated by the Respondent(s) upon 24 (Twenty Four) hours’ notice to the Applicant or Applicant’s attorney.
7. Costs in the main application.

(par. 3.2; ons beklemtoning)

Hoewel iedere skuldeiser die hof om ’n eksekusiebevel kan nader indien van sy vorderingsregte teen sy skuldenaar nadat dit opvorderbaar geraak het, onvervuld gebly het nieteenstaande aanmaning, kan geen skuldeiser eiegeregtig bates van sy skuldenaar hom toeëien en dan van die hof verlang om sy eierigting te sanksioneer én om aan hom boonop ’n voorkeuraanspraak op die opbrengs van daardie sake te verleen nie. Dit is daarbenewens twyfelagtig wat die ontstaansbron van S se beweerde vorderingsreg teenoor die banke as teenparty sou wees. Daar was op geen stadium sprake van ’n kontraktuele verhouding tussen S en die banke nie, en van ’n onregmatige daad as ontstaansbron van die beweerde vorderingsregte is daar eweneens geen sprake nie.

Dít veronderstel dat S sou moes bewys dat sy vorderingsregte teen die banke *ex variis causarum figuris* ontstaan het – maar dan moet die tersake ontstaansbron ook bewys word. Vorderingsregte ontstaan uit ’n veeltal ontstaansbronne – *D* 44 7 1*pr*: *Obligationes aut ex contractu nascuntur aut ex maleficio aut proprio quodam iure ex variis causarum figuris* (“verbintenisse ontstaan uit kontrak, delik of op grond van een of ander besondere regsreël uit verskillende ander oorsake”).

Onder laasgenoemde word inbegryp vorderingsregte deur regswerking soos dié wat voortspruit uit die norme van die erfreg, huweliksreg of familiereg. Dit sluit onder meer die wederkerige onderhoudsvordering van gades, of die van kinders en ouers in. Daarby kom ook die vorderingsregte van die egte saakwaarnemer, wat met die *actio negotiorum gestorum* afgedwing kan word, en ook vorderingsregte gebaseer op die verweerder se ongegronde verryking, wat deur middel van die bepaalde *condictiones* of die *ad hoc*-uitbreidings geldend gemaak kan word. Vir elkeen van die laasgenoemde remedies stel die reg uitgekristalliseerde vereistes wat die aanspraakmaker eers moet bewys aan voldoen is.

Wat die betrokke regsverteenwoordiger en regter Keightley bedoel het met die verwysing na die “perfektering” van ’n beweerde retensiereg, kan slegs bespiegel word. Perfektering kom in die reël in die Suid-Afrikaanse reg slegs ter sprake by die perfektering van ’n algemene notariële verband oor roerende goed ten einde die verbandreghebbende se aanspraak op bevrediging van sy vorderingsreg te verhef van dié van ’n voorkeurskuldeiser met betrekking tot die vrye oorskot, ná die van ’n pandreghebbende as versekerde skuldeiser (Sonnekus en Schlemmer 2019:289–302).

Hoe dan ook, het die onderhawige banke direk daarop die hof genader ten einde die bevel te wysig of ter syde te stel wat daartoe gevoer het dat waarnemende regter Bishop byna ’n jaar later, op 7 Junie 2023, die tydelike bevel van regter Keightley met koste teen S opgehef het. Of S in die tussentyd reeds van die voertuie te gelde gemaak het met ’n beroep op die vergunning verleen ingevolge die tweede bevel van regter Keightley, blyk nie duidelik uit die onderhawige uitspraak nie.

Daar is wel sprake daarvan dat teen die tyd wat die geding in die onderhawige uitspraak twee jaar later, einde Oktober 2024, voor waarnemende regter Uys beland het, S beweer het om nie meer in besit van twee van die voertuie (die Renault Kwid en die Jeep Grand Cherokee) te wees nie (par. 24). Indien dit werklik die geval was, is S aanspreeklik vir skadeloosstelling van die eienaar, want hy het ondanks daardie bevel nooit enige beskikkingsbevoegdheid daaraan ontleen nie, want dit was slegs ’n tussentydse bevel wat nie op enige latere stadium bekragtig is nie (sien die vyfde element van daardie aanvanklike bevel hierbo aangehaal). Waarnemende regter Uys maak minstens duidelik dat hy nie genoeë neem met die blatante bewering nie:

> I find it concerning and wholly unsatisfactory that Applicant's attorneys deemed it appropriate to simply by means of supplementary heads of argument and in absence of any evidence presented on affidavit in that regard, thus essentially simply from the bar, sought to inform the court that those two vehicles were not in its possession. This where previously it was under oath confirmed by Applicant that same were so within its possession or control and without any evidence of such fact or explanation proffered on oath as to why those two vehicles were (allegedly) no longer in its possession, since when same were no longer in its possession, under what circumstances it relinquished its possession, etc. Applicant thus clearly chose not to have taken the court into its confidence by disclosing under oath the actual possible changed facts. (par. 25)

Waarnemende regter Bishop het reeds 'n jaar vantevore opgemerk dat daar ernstige twyfel bestaan oor die juistheid van S se aanspraak op 'n retensiereg:

> I can understand for the original companies who had the cars, who had repaired them and then nobody came to collect them, but *Storage Genie* (sic) decided to step into their shoes in order to make money out of this process. So the fact that they have kept the cars or had to keep the cars is of their own doing. (par. 3.6.3; ons beklemtoning. Vermoedelik is die verwysing na die applikant as "Storage Genie" bloot 'n vingerfout want deurgaans was die applikant *Salvage Genie* en kom geen ander Genie ter sprake nie.)

S maak aanspraak op 'n terughoudingsbevoegdheid ten einde die *rei vindicatio* van die banke as beweerde eienaars effektief af te weer totdat S ten volle vergoed sou word vir sy beweerde kostes verbonde aan die oorname van die voertuie van die aanvanklike aannemers en die bewaarhouing van die voertuie. Die voertuie was in al die gevalle vir herstelwerk deur die destydse beheerders daarvan oorhandig aan verskillende paneelkloppers of voertuigwerktuigkundiges.

In die uitsprake word nie ingegaan op die vraag of die aanbesteders hoegenaamd ingevolge die tersake kredietooreenkoms met die bank as kredietverskaffer die bevoegdheid gehad het om die voertuig sonder instemming van die bank af te gee vir herstelwerk nie. In die meeste kredietverskaffers se ooreenkomste word uitdruklik bepaal dat die besitter onder geen omstandighede bevoeg is om so met die voertuig as koopsaak te handel dat 'n derde soos 'n paneelklopper of werkswinkel 'n retensiereg daarop sou kon vestig nie. Terwyl dit in sodanige geval duidelik is dat die kredietkoper nie 'n saaklike ooreenkoms ten aansien van die voertuig kan sluit waaraan 'n derde 'n beperkte saaklike sekerheidsreg soos pandreg kan ontleen nie, berus die paneelklopper se retensiereg nie op 'n saaklike ooreenkoms nie en sou die enigste vraag wees of 'n geldige verbintenisskeppende ooreenkoms in die vorm van die aanbestedingskontrak gesluit is. Daarteen sou geen bepaling in die kredietooreenkoms indruis nie, hoewel die kredietnemer kontrakbreuk mag pleeg indien die aannemer wel weens die aanbesteder se wanbetaling sou staat maak op sy terughoudingsbevoegdheid jeens die aanbesteder wat *ex lege* sou ontstaan.

Aangesien die destydse beheerders van die voertuie, wat nog in eiendomsreg behoort het aan die onderskeie banke wat die kredietkooptransaksies onderliggend aan die verwerwing van die beheer oor die voertuie deur die destydse beheerders gefinansier het, na bewering belangstelling verloor het en nagelaat het om vir die herstelkoste en/of verdere bergingskoste van die voertuie te betaal, het die voertuie skaars en dus kosbare ruimte by die paneelkloppers of ander herstellers in beslag geneem. Hoewel een van die partye tot die litigasie selfs in sy besigheidsnaam verwys

na “geabandonneerde” voertuie, kan slegs die eienaar sakeregtelik abandonneer. Abandonnering is ’n eensydige regsontdaningshandeling en ’n kredietkoper wat kwansuis “belangstelling verloor het” het nog geen saaklike reg op die voertuig wat hy homself van kan ontdaan nie. Die litigasie bevestig dat die kredietgewers op geen stadium die voertuie geabandonneer het nie.

Die feit dat voertuie by die aannemers bly staan, slaan negatief neer op hulle verdere werksaamhede. Die aannemers het gevolglik ooreenkomste met Salvage Genie en ander soortgelyke “bewaarhouers” gesluit waarkragtens die voertuie van die persele van die aannemers verwyder is na persele onder beheer van Salvage Genie. Salvage Genie het egter nie ingevolge ’n lasgewingsooreenkoms namens en vir die rekening van die paneelkloppers of werkswinkels wat aanvanklik regmatig in beheer van die voertuie geplaas was, die voertuie gehou nie. S het die voertuie vir eie rekening gehou nadat ’n sogenaamde sessie van die onderliggende vorderingsregte van die werkswinkels of paneelkloppers teen die aanbesteder as kontraktant teen ’n rabat van die sigwaarde van die vorderingsreg ten gunste van Salvage plaasgevind het.

As deel van die sessie-ooreenkoms is aanvaar dat die sessionaris sommer ook plaasvervangend as *retentor* ten opsigte van die voertuie nou onder sy beheer optree. In die oë van die twee betrokke partye as sedent en sessionaris was die “oplossing” ’n wen-wen-konstruksie. Die sedent is die las van die bewaarhouing van die voertuie kwyt en kan daardie spasie winsgewend vir sy besigheid aanwend en het minstens ’n persentasie van die uitstaande skuld vir die herstelwerk van die sessionaris verhaal. Salvage Genie, as sessionaris van die onderliggende vorderingsreg, het aanspraak op die totale waarde van die uitstaande prestasieskuld van die aanbesteder. Dit hou vir S ’n duidelike wins in, gelet op die verhouding tot die rabat wat op die onderliggende vorderingsreg jeens die primêre vorderingsreghebbende betaalbaar was en hy hou boonop in sy eie oë as *retentor* beheer oor die voertuie en kan daarom ’n winsgewende bedrag as bewaarhouer van die regmatige houer van die voertuig vorder.

Daar kan geen twyfel wees dat in die meeste gevalle die oorspronklike paneelkloppers of herstellers, hetsy uit hoofde van ’n aanbestedingsooreenkoms met die destydse voertuigbeheerder of minstens as saakwaarnemers, ’n aanspraak op terughouding van die objek teenoor die aanbesteder kon laat geld het totdat die onderliggende prestasieskuld vereffen sou wees nie. Die houer van die voertuig is dan immers ’n skuldenaar van die *retentor* wat minstens voldoening aan daardie eerste vereiste vir ’n terughoudingsbevoegdheid vervul.

Indien die prestasieskuldenaar egter ’n spreekwoordelike man van strooi is wat nie die vermoë het om die herstelskuld te delg nie en die voertuig bly vir maande lank op die perseel van die hersteller staan, sonder dat die prestasieskuldenaar enige regsweg bewandel om die saak te probeer terugvorder waarteen die terughoudingsbevoegdheid van die *retentor* effektief impak sou hê, trek die hersteller as skuldeiser geen voordeel uit die voortgesette bewaarhouding van die saak nie. Dit belas eerder sy bedryf se werksaamhede.

Salvage Genie het klaarblyklik sy besigheidsmodel gebaseer op die voormelde werklikheid en dan ruimhartig aangebied om die objek van terughouding teen ’n rabat van die prestasieskuld van die prestasieskuldenaar van die perseel van die *retentor* te verwyder en dan self as bewaarhouer aanspraak te maak op ’n terughoudingsbevoegdheid teenoor die reghebbende. Die aanbesteder van die herstelkontrak is egter geen skuldenaar van Salvage Genie nie, wat laasgenoemde se posisie anders maak as die van die werkswinkel of paneelklopper. Onses insiens verander die regsposisie nie ten gunste van Salvage Genie as ooreengekom is dat hulle bloot as besitsdienaars namens die werkswinkel die voertuig hou nie, want laasgenoemde het

as *retentor* nie die beskikkingsbevoegdheid om die saak aan Salvage Genie af te gee nie en dan sou Salvage Genie slegs ’n vorderingsreg hê teenoor die lasgewer en nie ook teenoor die eienaar of houer van die voertuig nie (Wien 2001:62–3).

Hoewel dit buite kyf is dat die oorspronklike hersteller sy vorderingsreg teen sy prestasie-skuldenaar aan ’n ander kan sedeer soos met sessie van boekskulde daagliks gebeur, neem die sessionaris die plek in van die vorderingsreghebbende slegs as ’n onversekerde skuldeiser. Die retensiereg is immers nie sedeerbaar nie. Sou hy as sessionaris wel beheer oor die objek van die voormalige retensiereg uitoefen, is dit as ’n onregmatige, indien nie ook *mala fide* (“te kwader trou”) nie, besitter en het hy geen aanspraak op die beheer oor die objek teenoor enige regmatige aanspraakmaker nie.

### 3. Eiendomsreg nie vanselfsprekend nie

Die uitspraak van waarnemende regter Uys in die *Salvage*-saak dui nie aan hoe die onderskeie banke na bewering eiendomsreg op die voertuie verwerf het nie maar aanvaar, omdat dit buite geskil was, dat die banke as eienaars aanspraak op die *rei vindicatio* kon maak omdat aan die geykte vereistes vir dié remedie van die eienaar voldoen is: Die onderskeie banke is die eienaars van die tersake voertuie en die voertuie was tydens *litis contestatio* in die besit van S en dus nog *in esse* (par. 8 saamgelees met par. 6: “It was further admitted by Applicant that First Respondent was the title holder, thus by necessary inference also the owner of the vehicles.”).

In werklikheid is dit nie so vanselfsprekend dat eiendomsreg van die voertuie om dié rede by die banke setel nie. Die motorvoertuiglisensiestelsel maak voorsiening vir ’n sogenaamde titelhouer van die voertuig wat nie noodwendig die eienaar is nie want daar word aanvaar dat die gelisensieerde eienaar van die voertuig nie noodwendig die titelhouer is wat die bevoegdheid het om oor die voertuig te beskik met ’n saaklike ooreenkoms nie:

> ‘Eienaar’, met betrekking tot ’n voertuig – (a) die persoon wat die reg op die gebruik en genot van ’n voertuig ingevolge die gemene reg of ’n kontraktuele ooreenkoms met die titelhouer van sodanige voertuig het” (a 1 van die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996 s.v.)
>
> “Eienaar” saamgelees met die woordomskrywing van “titelhouer” in dieselfde wet: “‘titelhouer’, met betrekking tot ’n voertuig – (a) die persoon wat toestemming moet gee vir die vervreemding van daardie voertuig ingevolge ’n kontraktuele ooreenkoms met die eienaar van sodanige voertuig; of (b) die persoon wat die reg het om daardie voertuig te vervreem ingevolge die gemene reg, en wat as sodanig geregistreer is ooreenkomstig die regulasies kragtens artikel 4.

Soos by herhaling aangedui is, is dit nie so vanselfsprekend dat die bank hoegenaamd eiendomsreg op die voertuie verwerf waarvan die koopprys namens die bank se kliënt as kredietnemer deur die bank voorgeskiet is nie. Aangesien eiendomsoordrag in die Suid-Afrikaanse reg nie uit hoofde van ’n konsensuele verbintenisskeppende ooreenkoms oorgedra kan word nie, maar daarbenewens ook ’n saaklike ooreenkoms en lewering in die geval van roerende sake moet plaasvind tussen die voormalige eienaar as verkoper en die nuwe persoon as eiendomsverwerwer, is dit nie sonder meer duidelik hoe lewering ooit deur die verkoper aan die bank plaasgevind het nie.

Die enigste moontlike konstruksie sou dié uit die Engelse reg afkomstige "attornment" moet wees, maar die Appèlhof het in *Air-Kel (Edms) Bpk h/a Merkel Motors v Bodenstein* 1980 3 SA 917 (A) 922H–923C reeds onomwonde bevestig dat daarvoor bewys van die wilsooreenstemming van die drie betrokke partye benodig word: Die verkoper moet met die bank as kredietverskaffer én met die koper as die bank se kredietnemer ooreenkom dat die koper nadat hy beheer van die voertuig uit die hand van die verkoper geneem het, beheer sal uitoefen as besitsdienaar namens die bank en dat die partye al drie ooreenkom dat hoewel beheer oor die koopsaak deur die verkoper met die oorhandiging van die sleutel aan die koper plaasvind, laasgenoemde net die *corpus*-element van besit namens die bank as besitsheer uitoefen (Sonnekus 1977:176–186; 1979:41–7 en 119–139; 1988:534–543; 2004:185–197; Sonnekus en Schlemmer 2019:24–30; *Roshcon (Pty) Ltd v Anchor Body Builders CC* 2014 4 SA 319 (HHA); Sonnekus 2014b:662–677).

Die bank as kredietverskaffer behou dan, ooreenkomstig die afspraak met die koper as kredietnemer, eiendomsreg voor totdat die laaste paaiement gedelg is waarna eiendomsreg van die bank aan die koper sal oorgaan kragtens *traditio brevi manu* as leweringsmetode.

Slegs indien argumentshalwe aanvaar word dat die hof in die tersake gevalle tevrede gestel is dat die partye destyds die nodige drie-party wilsooreenstemming kon bewys het, kon die banke as eienaars aanspraak op die *rei vindicatio* ten aansien van die voertuie gemaak het.

## 4. Geen ongegronde verryking of verarming nie

In die uitspraak van waarnemende regter Uys word geen lig gewerp op die omstandighede waaronder die voertuie aanvanklik onder die beheer van die tersake paneelkloppers of werkswinkels beland het nie. Dit staan egter vas dat die kredietkopers nie oor die bevoegdheid beskik het om die voertuie wat hulle slegs as besitsdienaars in hul beheer gehad het, as objek van 'n beperkte saaklike sekerheidsreg aan die aannemer van die werk aan te bied nie. Niemand kan 'n ander se saak as pandobjek sonder sy medewerking en instemming aanbied nie – *res aliena pignori dari non potest* (Sonnekus 2014c:365–376, 2014a:45–65 en 2015:1–25).

Die applikant het ook in die onderhawige geding volhard met sy aanspraak as retensiereghebbende: "[Applicant] deny (sic) that it [First Respondent] can vindicate them [the vehicles from the applicant] without paying for the release of the vehicles as Salvage Genie [Applicant] has a right of retention over the vehicles which are in its possession" (par. 7).

Omdat dit buite geskil was dat die banke aan die tersake vereistes vir die *rei vindicatio* voldoen, was die bewyslas op die applikant S om te bewys dat dit wel met 'n beroep op die beweerde retensiereg die *rei vindicatio* kan afweer. Vir die doel word namens die applikant geargumenteer:

> [9.1] that Applicant ... *has a right of retention as it is the holder of a cession agreement* to the vehicle, a copy of which is annexed hereto as 'ER2a' to 'ER2d';
>
> [9.2] First Respondent '... would be unjustly enriched should the vehicle be returned to it without honouring any obligations to Salvage Genie *in terms of the Lien* held by Salvage Genie.'; and

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1e1

> [9.3] 'Salvage Genie cannot be placed out of pocket for the benefit of ABSA. The *negotiorum gestio* principle being applied herein will result in the fact that Salvage Genie preserved ABSA's asset that Salvage Genie must be compensated for such preservation of ABSA's asset so preserved'.
>
> (par. 9 met aanhaling uit die pleitstukke van die applikant; ons beklemtoning)

Aangesien die omstandighede waaronder die tersake paneelklopper of werkswinkel in beheer van die betrokke voertuie gekom het in die meeste gevalle waarskynlik verband hou met 'n aanbestedingsooreenkoms tussen die kredietkoper as beheerder van die voertuig en die werkswinkel of paneelklopper, is daar geen sprake van 'n verrykingsretensiereg ten gunste van die aannemer nie. Die onderskeie prestasies om die voertuie te herstel teen die ooreengekome prys berus op die afsprake wat die partye aangegaan het en kan dus nooit *sine causa* wees nie (*Buzzard Electrical (Pty) Ltd v 158 Jan Smuts Avenue Investments (Pty) Ltd* 1996 4 SA 19 (A) 29E-G). Hoewel waarnemende regter Uys in die *Salvage*-saak in paragraaf 12 e.v. klakkeloos na *Brooklyn House Furnishers Limited v Knoetze and Sons* 1970 3 SA 265 (A) vir gesag verwys, sou hy gebaat het indien hy kennis geneem het van die ondubbelsinnige distansiëring daarvan deur ar Van Heerden en die res van die volbank van die Appèlhof in die *Buzzard*-saak:

> Hoe dit ook al sy, insoverre hy [ar Botha in die *Brooklyn*-saak] te kenne gegee het dat verskillende oorwegings geld wanneer 'n direkte verrykingsaanspraak geopper word as dié van toepassing op 'n indirekte aanspraak, was hy, met eerbied, klaarblyklik verkeerd. 'n Retensiereg bestaan immers nie *in vacuo* nie, maar dien ter versekering of versterking van 'n onderliggende vordering (26I-J). (Sien ook die bevestiging in *First National Bank of SA Ltd t/a Wesbank v Commissioner, South African Revenue Service* 2002 4 SA 768 (KH) 788A.)

Die prestasiegeregtigde paneelklopper of werkswinkel sou hom dus hoogstens as *retentor* op die terughouding van die voertuig ingevolge sy skuldeiser-skuldenaarsretensiereg teenoor die prestasiepligtige aanbesteder kon beroep het, maar nie ook daardie verweer teen die *rei vindicatio* van die bank as eienaar kon opwerp nie. Die bank was op geen stadium die aanbesteder nie en daar bestaan geen verbintenisskeppende ooreenkoms tussen die bank as eienaar en die werkswinkel of paneelklopper as aannemer nie. Die bank word ook nooit ongegrond verryk ten koste van die aannemer deur die verrigte herstelwerk of die bewaarhouing van die voertuig nie. Luidens die kredietooreenkoms is die bank as kredietverskaffer teenoor sy kliënt as kredietnemer in elke opsig op skadeloosstelling geregtig. Om die bank se risiko teen 'n betalingsonkragtige koper te beperk, verplig die bank as kredietverskaffer gewoonlik die kredietkoper as die verbruiker om die nodige skadeversekering ten aansien van die koopsaak uit te neem – minstens totdat die onderliggende lening vereffen is – waarkragtens die bank as eienaar die polisgeregtigde word, maar die premie deur die kredietnemer bekostig moet word. Die bank word dus, mits die versekering in plek is, nie op risiko geplaas as die voertuig beskadig sou word terwyl dit in die beheer van die kredietkoper is nie, want teen daardie potensiële skade is die bank verseker. Om dié rede word die bank ook nie ongegrond verryk as dit 'n herstelde voertuig terug sou neem na kansellasie van die ooreenkoms nie: Die bank is wat die som van sy bates betref in dieselfde posisie as voorheen.

Die bank was dus nooit ongegrond verryk nie en die aannemer nooit *sine causa* verarm nie, want hy het sy vorderingsreg uit hoofde van die aanbestedingsooreenkoms teen die aanbesteder. Daardie vorderingsreg is 'n bate in sy boedel, ook as dit illusories sou blyk te wees,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1e1

soos die appèlhof in die *Buzzard*-saak tereg bevind: " ... en indien hulle illusories sou wees omdat laasgenoemde se boedel gesekwestreer is, was dit 'n ongelukkige toeval wat nie kon meebring dat die eienaar se verryking oornag ongeregverdigd geword het nie" (29G). Die ter sake vermoënsverskuiwings vind plaas ingevolge die toepaslike onderliggende ooreenkomste (*cum causa*), en dan kan daar geen plek wees vir 'n vordering gebaseer op ongegronde verryking én ongegronde verarming nie.

Dieselfde is die uitkoms in die Oostenrykse reg waar eweneens bevind word dat die aannemer geen verhaalsreg jeens die bank as voertuigeienaar het vir die herstelwerk verrig aan die voertuig in opdrag van die kredietkoper maar sonder medewete van die bank nie, en gevolglik kan die aannemer by ontstentenis van 'n vorderingsreg teen die bank ook nie 'n retensiereg jeens die bank se *rei vindicatio* opwerp nie (Prechtl 2016:537 n. 53). As die aannemer geen terughoudingsbevoegdheid teenoor die bank het nie, soveel te minder kan die sessionaris teenoor die bank hom beroep op terughouding weens die sessie van die onderliggende vorderingsreg teen die aanbesteder.

Interessantheidshalwe bevestig 'n onlangse Nederlandse uitspraak dat 'n derde aan wie na bewering magtiging verleen is om namens 'n skuldeiser bates van laasgenoemde se skuldenaar terug te hou ten einde kwansuis met die retensiereg die reghebbende van die teruggehoue bates te verplig om sy uitstaande skuld jeens die skuldeiser te vereffen, geen sodanige terughoudingsbevoegdheid het nie want die eienaar van die teruggehoue sake is geen skuldenaar van die beweerde *retentor* nie – 'n retensiereg kan ooreenkomstig die samehangsvereiste van toepassing op alle terughoudingsbevoegdhede nét teen die skuldenaar van die beweerde *retentor* opgewerp word:

> Artikel 3:290 BW bepaalt dat het retentierecht het recht is om de nakoming van een verplichting tot afgifte van een zaak aan zijn schuldenaar op te schorten totdat de vordering wordt voldaan. Een partij kan geen retentierecht inroepen om de vordering van een derde betaald te krijgen, ook niet als die partij van een derde last en volmacht heeft gekregen voor de inning van die vordering. (ECLI:NL:RBROT:2025:2204 Rechtbank Rotterdam, 18-02-2025, C/10/690654 / KG ZA 24-1172 §3.8)

## 5. *Nemo plus iuris*

By ontstentenis van 'n onderliggende vorderingsreg hetsy uit hoofde van 'n niebestaande aanbestedingsooreenkoms tussen die werkswinkel of paneelklopper en die bank, nóg gebaseer op ongegronde verryking of saakwaarneming, sou die werkswinkel of paneelklopper geen suksesvolle beroep op 'n terughoudingsbevoegdheid as *retentor* jeens die bank teen laasgenoemde se *rei vindicatio* kon opper nie (Sonnekus 1997:383–390).

Waarnemende regter Uys plaas die vinger presies op die springende punt van die argument vir die aanspraak op die behoud van die voertuie deur Salvage as appellant: "The essential flaw in Applicant's argument is accentuated by the statement contained in its answering affidavit that apparently '*... the lien held by the workshops ...*' had '*... been ceded to Salvage Genie*'" (par. 10; ons beklemtoning). Soos hierbo reeds opgemerk is, kon Salvage Genie nie as sessionaris van die onderliggende vorderingsreg van die werkswinkel jeens die aanbesteder sigself op 'n retensiereg jeens die bank as eienaar beroep het nie – *nemo plus iuris* is 'n alombekende regsreël – die oordraer kan nie meer regte as wat hyself het aan die verkryger oordra nie. 'n Terughoudingsbevoegdheid op sigself is ook nie sedeerbaar nie.

## 6. Bloot ’n voorbeeld van die betrokke besigheidsmodel

Dit is opvallend dat partye wat dieselfde besigheidsmodel as Salvage Genie volg klaarblyklik erg onthuts is oor die uitkoms van die uitspraak en beweer te vrees vir hul voortgesette bestaan. Hieronder in paragraaf 11 word uit die uitspraak van waarnemende regter Grobler in die *Nedbank*-saak aangehaal waaruit blyk dat die hof inderwaarheid effektief die betrokkenes se besigheid met die bevel toegemaak het deur te beveel dat hulle "... *are interdicted* and restrained *from: Entering into or concluding any agreement* or participating in any business practice regarding the acquisition, sale, transfer, cession of any lien over and/or *in respect of any motor vehicle*" (par. 4.1 van die hofbevel; ons beklemtoning). Die hofrolle dui aan dat minstens Salvage Genie en Abandoned Vehicle reeds herhaaldelik teen kredietfinansiers in die howe was, wat daarop dui dat hierdie twee hofsake bloot ’n voorbeeld van die betrokke besigheidsmodel moes wees. (*FFS Finance South Africa (RF) Pty Ltd t/a Ford Credit v Salvage Genie (Pty) Ltd* (saaknommer 008288-2024) NGP (29-05-2025) en *Abandoned Vehicle and Truck Solutions v W Kotze* (D4672/24) KZD (3-06-2025).)

## 7. Misbruik van die beweerde terughoudingsbevoegdheid

Daar is reeds by herhaling gewys op die ongesonde tendens in die motorbedryf waarkragtens insleepdienste en paneelkloppers hulself gruwelik ten koste van die ware eienaars van ingesleepte voertuie verryk deur aanspraak te maak op ’n bewaarhouersretensiereg ter versterking kwansuis van hul onderliggende vordering vir die nie-afgesproke bewaring op hul perseel van die voertuie wat daar beland het. Sien oor die woekerbedrae wat as "stoorfooie" onder die vaandel van bewaarkoste van ’n motorwrak deur van die insleepdienste gevorder word, *Santam Limited v T K T Towing (Pty) Ltd* (22/2151) 2022 ZAGPJHC 850 (31 Okt 2022).

Uit die *Santam*-saak blyk dit dat vorderings van wesenlike bedrae deur paneelkloppers as "bewaarfooie" ten aansien van ingesleepte voertuie waarop nog geen herstelwerk gedoen is nie, geen seldsaamheid is nie. In daardie saak het die respondent aanspraak gemaak op ’n retensiereg ter versterking van sy vordering as bewaarhouer vir meer as R181 850 vir die "stoor" van die beskadigde Ford Figo nadat dit ses maande tevore by ’n ongelukstoneel onder twyfelagtige omstandighede weggesleep is deur hul insleepdiens wat nie op die versekeraar se goedgekeurde lys van insleepdienste is nie (par. 3). Die uitspraak dui nie aan wat die markwaarde van die voertuig op daardie stadium was nie. Die hof het die aansoek deur die versekeraar, Santam, om te gelas dat die lossingsbedrag wat aangebied is, in ooreenstemming met die industriestandaard is en die voertuig teen daardie waarborgsom afgegee moet word aan die versekeraar ten einde dit te kan aanbestee vir herstel, met koste van die hand gewys. Die lossingsaanbod wat na onsuksesvolle aanvanklike kontak formeel binne twee maande na die ongeluk gemaak is (R8 250 plus die bykomstige gewaarborgde bedrag gehou deur die prokureurs van die versekeraar van R36 650) was minder as die snel oplopende vordering van die *retentor* welke bedrag daagliks gestyg het.

Die saak moes dus ná die afwysing van Santam se aansoek nógeens op die rol geplaas word vir beslegting omdat die regter bevind het dat daar wesenlike punte van verskil op die feite is wat in die aksie uitgeklaar sal moet word. Uit die verslag blyk nie of die eienaar van die voertuig genoeë geneem het met hierdie uitkoms nie, wat beteken het dat sy méér as ’n jaar na die ongeluk steeds nie haar voertuig kon laat herstel nie en dit moes bly ontbeer (Sonnekus

2023:588–602). Sien ook *Thor Shipping and Transport SA (Pty) Limited v Sunset Beach Trading 208 CC t/a Auto Complete* (AR664/2016) 2017 ZAKZPHC 44 (3 Nov 2017) par. 28 en regter Van der Schyff se juiste opmerking in dié verband: "The respondent kept possession of the vehicles for its own benefit" en dus geensins as onbaatsugtige bewaarhouer vir die voertuigeienaar nie – *Springs Car Wholesalers (Pty) Ltd t/a No Finance Cars v Diamond Panelbeaters and Towing CC* ((2022/008554) 2023 ZAGPPHC 1186 (2 Okt 2023) par. 46. Die bedrae wat gewetenloos gevorder word vir die sogenaamde veilige bewaring van die voertuie waartoe niemand ooit ingestem het nie, is 'n duidelike misbruik van die beweerde terughoudingsbevoegdheid van die bewaarhouer.

## 8. Regsoplossing gesoek vir "dilemma"

Luidens 'n berig van Mkentane (2025) is Sambra (SA Motor Body Repairers' Association) angstig op soek na 'n regsoplossing van die "dilemma" waarin hul besigheid gedompel is weens die uitspraak in *Nedbank Ltd v Abandoned Vehicle and Truck Solutions (Pty) Ltd* (074260/2023) 2025 ZAGPPHC 744 (22-07-2025): "... the ruling has effectively thrown a spanner in the works regarding the industry's approach to liens and how repairers should go about legally disposing of vehicles and car parts occupying valuable workshop space". In hierdie saak was einste Salvage Genie (Pty) Ltd gevoeg as die tweede respondent en daarmee saam nóg veertien ander respondente wat in dieselfde besigheidsmodel doenig is. Die indruk word uit die hofbevel gewek dat van die ander respondente besigheid met die eerste twee gedoen het deur van die voertuie of uitgeslagte onderdele van sekere van die voertuie by die "bewaarhouers" aan te koop:

> The First and Second Respondents are ordered to provide the following information, in respect of each of the motor vehicles referred to in paragraph 3.1 to 3.5 below, to the Applicant within 7 (seven) days of the date of this order:
>
> 2.1 The name, address and contact number of the party who received possession of the motor vehicle as a whole or in parts from the First or Second Respondent; and
>
> 2.2 The reason for handing over possession of the motor vehicle or parts thereof to the party referred to in paragraph 2.1 together with any documents in that regard.
>
> 3. Any party in possession of the following motor vehicles or parts thereof is/are ordered to surrender the motor vehicles or parts thereof to the Applicant:
>
> 3.1. VW T6 combi 2.0 TDi Trend Line, Vin number W[...], engine number C[...].
>
> 3.2 Ford Everest 3.2 TDCi XLT A/T, Vin number A[...], engine number S[...].
>
> 3.3 Kia Sportage 2.0 CRDi, Vin number U[...], engine number D[...].
>
> 3.4 Landrover Evoque, Vin number S[...], engine number 0[...].
>
> 3.5 Mercedes Benz, Vin number W[...], engine number 6[...].

Waarnemende regter Grobler wat die uitspraak gelewer het, verwys egter nie na die uitspraak van waarnemende regter Uys in die *Salvage*-saak waarin Salvage Genie die glansrol vertolk het nie, hoewel dit binne dieselfde afdeling is en minstens kragtens die *stare decisis*-beginsel ’n bindende presedent daarstel. Hoewel die berigskrywer klaarblyklik nie ’n juiste begrip van die tersake regsfigure bemeester het nie, want daar word klakkeloos gewag gemaak daarvan dat “[a] lien *is a legal claim or right against a property* to secure the payment of a debt or obligation” (ons beklemtoning) wat ’n terughoudingsbevoegdheid nou juis nié is nie, word die vermeende dilemma van die paneelkloppers, werkswinkels en diesulke sogenaamde “bewaarhouers” in die bedryf soos volg verwoord:

> [S]alvage or enrichment liens, commonly relied upon by motor body repairers can no longer be sold, transferred or ceded to third parties. This effectively means *businesses that were previously able to “take over” a lien in exchange for paying a repairer’s outstanding invoice can no longer do so*. The judgment ruled such practices as unlawful. “Repairers are running businesses, not storage facilities. Without a legal mechanism to clear out stock or reclaim workshop space, we risk creating a financial and operational logjam in the sector. We’re actively exploring how other markets manage this issue and will keep our members informed,” Sambra national director Juan Hanekom said. This ruling makes it clear that only the original party who lawfully took possession of a vehicle and incurred the associated costs – whether for repairs, towing or storage – has the legal right to retain that vehicle under a lien. This means that once you lose that possession, or once the debt is settled or disputed, your right of retention ends. Hanekom said storage fees could no longer accrue indefinitely, third-party salvage solutions were now off the table, and vehicles left abandoned or unpaid for “cannot easily be removed from the premises without legal risk” (Mkentane 2025; ons beklemtoning).

## 9. Voldoende maatreëls bestaan

Met alle respek is dit wat luidens die berig as ’n skok vir die bedryf gekom het, niks nuuts nie en ’n juiste toepassing van eeueoue regsbeginsels. Dit herinner aan die ontsteltenis toe ná die uitspraak van die appèlhof in *Cooper v Die Meester* 1992 3 SA 60 (A) die ter sake kredietbedrywe wat verkeerdelik aanvaar het dat die reg deur foutiewe gebruike oor notariële verbande oor roerende goed outomaties gewysig sou word, daar bedroë van afgekom het en vir lief moes neem dat die regsposisie ingrypend verander is deur die Wet op Sekerheidstelling deur Middel van Roerende Goed 57 van 1993 (Sonnekus en Schlemmer 2019:231–259).

In die onderhawige scenario is daar onses insiens geen behoefte tot wetgewing om regswysiging in te voer nie. Elke aannemer moet self die risiko bereken verbonde aan sy besluit om teen krediet bepaalde werk as aannemer te aanvaar indien kon blyk dat die objek waaraan die werk presteer moet word nie die eiendom van die aanbesteder nie, maar van ’n ander soos die kredietverskaffer is. Met die huidige hoë pryse van voertuie kan eintlik aanvaar word dat die absolute minimum persentasie van nuwe voertuie op die paaie inderdaad ingevolge ’n kontantkoop deur die besitter verkry is. Die meerderheid voertuie wat ingevolge ’n krediettransaksie bekom is, behoort dus in eiendomsreg aan die kredietverskaffer wat eiendomsreg voorbehou tot die laaste paaiement van die leningskuld vereffen is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1e1

Daar bestaan voldoende maatreëls binne die E-NaTIS-stelsel vir ’n potensiële aannemer om die ware regsposisie met betrekking tot ’n bepaalde voertuig vas te stel voordat die lasgewing aanvaar word. Daar kan nie klakkeloos aanvaar word dat die bank of die voertuigvervaardiger se kredietarm as kredietverskaffers met diep sakke maar namens die naïewe pretenderend goedgelowige aannemer die risiko’s wat laasgenoemde oopoë aangegaan het soos ’n onnadenkende borg vir die prestasieverpligtinge van die aanbesteder sal oorneem en die aannemer skadeloos moet stel nie (Sonnekus 2024a:119–136 en Prechtl 2016:536–7).

## 10. Die hof beslis teen Salvage Genie met koste

Waarnemende regter Uys maak korte mette met die bewering wat S se regsverteenwoordiger ter elfder ure van die balie geopper het toe beweer is dat die Renault en die Jeep nie meer in S se besit was nie. Selfs as dit waar sou wees, sou die onregmatige besitter dan as van regsweë belaste bewaarhouer aanspreeklik wees vir skadevergoeding jeens die eienaar wat dan geag sou word met die *actio ad exhibendum* te slaag. Na die appèlhofuitspraak in *Philip Robinson Motors (Pty) Ltd v NM Dada (Pty) Ltd* 1975 2 SA 420 (A) word aanvaar dat dit ’n besondere verskyningsvorm van die deliksaksie, die *actio legis Aquiliae*, is en dat die eiser gevolglik al die aanspreeklikheidsvestigende elemente vir ’n vordering gebaseer op ’n onregmatige daad moet bewys ten einde met die aksie te kan slaag.

Die standpunt van Blecher (1978:341) dat daar steeds ruimte vir twee afsonderlike remedies in die Suid-Afrikaanse reg is, oortuig nie. Nie alleen stem alle vereistes ooreen nie maar ook die moment van berekening van die nadeel. Gevolglik is die opvorderbare skadevergoeding identies en is daar onses insiens geen sin in ’n vermeerdering van aksiename vir een en dieselfde regshulp nie (Neethling en Potgieter (2015:274) (Sien vir ’n oorsig oor die ander akademiese betoë hieroor *Frankel Pollak Vinderine Inc v Stanton NO* 2000 1 SA 425 (W) 443E; *RMS Transport v Psicon Holdings (Pty) Ltd* 1996 2 SA 176 (T)). Die hof beslis teen Salvage Genie met koste:

> 1. SALVAGE GENIE (PTY) LIMITED and/or any other party, entity or person that may be in possession of the motor vehicles more fully described hereunder “*the motor vehicles*”), are ordered to return them, inclusive of all access mechanisms such as keys, etc., pertaining to each vehicle, to ABSA BANK LIMITED forthwith:
>
> 1.1 a 2012 Kia Sportage manual motor vehicle bearing VIN number K[...] and engine number G[...];
>
> 1.2 a 2020 Renault Kwid motor vehicle bearing VIN number M[...]; and
>
> 1.3 a 2016 Jeep Grand Cherokee motor vehicle bearing VIN number I[...] and engine number F[...].
>
> 2. In the event that SALVAGE GENIE (PTY) LIMITED or any other person in possession of the aforesaid motor vehicles refuses or fails to return them or to comply with the order in paragraph 1 above, ABSA BANK LIMITED and/or any of its authorised representatives are entitled to approach the sheriff of the above Honourable Court and/or its lawful deputy and/or the South African Police Services to assist in giving effect to the order in paragraph 1 above and to ensure the return of all of the

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1e1

> aforesaid motor vehicles as described in paragraph 1 above to ABSA BANK LIMITED and the sheriff of the above Honourable Court and/or its lawful deputy and/or the South African Police Services may utilise service providers to the extent necessary, inclusive of towing services to enable ABSA BANK LIMITED to be placed in possession and/or control of the vehicles. (par. 28)

## 11. Ooreenstemmende beslissing

In die mees onlangse geval onder bespreking waar dieselfde besigheidsmodel onder die loep geneem is, beslis waarnemende regter Grobler ooreenstemmend soos volg:

> 1.1 A salvage and/or improvement lien (collectively referred to as 'enrichment liens') cannot be ceded, sold or transferred.
>
> 1.2 Any purported cession, sale and transfer of an enrichment lien is null and void;
>
> 1.3 Any document purporting to transfer, cede or sell the possessor's right of possession of the property forming the subject of the lien without proper legal process, or without the consent of or an agreement with the owner/consumer is null and void.

Die hof gelas verder:

The First and Second Respondents are ordered to provide the following information, in respect of each of the motor vehicles referred to in paragraph 3.1 to 3.5 below, to the Applicant within 7 (seven) days of the date of this order:

> 2.1 The name, address and contact number of the party who received possession of the motor vehicle as a whole or in parts from the First or Second Respondent; and
>
> 2.2 The reason for handing over possession of the motor vehicle or parts thereof to the party referred to in paragraph 2.1 together with any documents in that regard.
>
> …
>
> The First to Third and Fifth to Eighth Respondents and/or any person, entity or association who may act for or on their behalf, directly or indirectly *are interdicted and restrained from*:
>
> 4.1. *Entering into or concluding any agreement* or participating in any business practice regarding the acquisition, sale, transfer, cession of any lien over and/or in respect *of any motor vehicle*.
>
> (par. 3.4; ons beklemtoning)

Met die laaste bevel word die gemelde besighede, waaronder Salvage Genie as die tweede respondent, effektief toegemaak.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1e1

## 12. Afsluiting

Voorgaande lei tot een gevolgtrekking: Hoewel die wiel van die gereg soms berug stadig draai, word onregmatige besigheidspraktyke tog op die ou einde vermaal én die handelsverkeer daardeur gesuiwer. Die negatiewe aan die verhaal is egter die onbehoorlike tydsverloop alvorens die reghebbende inderdaad gesanksioneer word deur die regsproses, want in die tussentyd het die tersake voertuie waarskynlik wesenlik aan waarde ingeboet en dit is onseker of die kredietverskaffers ten volle skadeloos gestel word deur die bevel.

Luidens die erkende omskrywing behoort ’n beroep op die regsproses daartoe te lei dat die geskonde regsposisie dwangmatig herstel word. ’n Gedraal in die proses moet nie daartoe lei dat die suksesvolle litigant steeds met skade bly sit nie.

## Bibliografie


Aarts, C.C.J. 1990. *Het Retentierecht*. Arnhem: Gouda Quint B.V.

Beekhoven van den Boezem, F.J., G. Bergervoet en F. Verstijlen (reds.). 2014. *Groninger Zekerheid – Liber Amicorum Wim Reehuis*. Deventer: Kluwer.

Blecher, M.D. 1978. The owner’s actions against persons who fraudulently ceased to possess his (*res qui dolo desierunt possidere*). *South African Law Journal*, 95:341.

Fesevur, J.E. 2017. *Voorrechten en retentierecht*. Deventer: Kluwer.

Heilbron, M.A. 2019. *Retentierecht en uitwinning*. Deventer: Wolters Kluwer.

Mkentane, L. 2025. Motor industry livid over court ruling on uncollected vehicles at workshops. BusinessLive. https://www.businesslive.co.za/bd/national/2025-08-07-motor-industry-livid-over-court-ruling-on-uncollected-vehicles-at-workshops (7 Augustus 2025 geraadpleeg).

Neethling, J. en J.M. Potgieter. 2015. *Neethling-Potgieter-Visser Deliktereg*. Durban: LexisNexis.

Prechtl, E. 2016. Aufwandersatzanspruch und Zurückbehaltungsrecht einer Autoreparaturwerkstatt gegenüber dem Eigentümer eines Kfz? (76) *Österreichische Jurist:innenzeitung* (*ÖJZ*), 533–8.

Scott, S. 2018. *Scott on cession – a treatise on the law in South Africa*. Kaapstad: Juta.

Sonnekus, J.C. 1977. Motorvoertuie – Eiendomsoorgang – *rei vindicatio* – estoppel en private instruksies. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 176–86.

—. 1979. *Constitutum possessorium* en die oordrag van saaklike regte. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 41–7 en 119–39.

—. 1988. *Attornment* as leweringsvorm by sekerheidstelling en regsekerheid. (51) *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 534–43.

—. 1991. Retensieregte – nuwe rigting of misverstand *par excellence? Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 462–82.

—. 1996. Ook verrykingsretensieregte behoef bewese ongeregverdigde vermoënsverskuiwing. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 583–91.

—. 1997. Goedgelowige paneelklopper beloon met verrykingseis teen derde. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 383–90.

—. 1999. Saaklike sekerheidsreg vir onsekere toekomstige vordering en sameloop met retensiereg op die roerende saak. *Stell Law Review*, 397–416.

—. 2004. *Attornment* en *constitutum possessorium* – verleidelik vreemd maar geen towerstaf nie. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 185–97.

—. 2006. Huurders, eiegeregtigde huurverlenging verpak as retensieregte en plakkate – oeroud en tog modern. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 32–63.

—. 2014a. Met andermanskalf mag jy nie ploeg nie, en andermansgoed kan jy nie verpand nie. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 45–65.

—. 2014b. Verdraaiing van vereistes vir eiendomsverkryging van vragmotors lei daartoe dat die pad byster geraak word. (77) *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 662–77.

—. 2014c. Moderne toepassing van ’n oeroue beginsel: *res aliena pignori dari non potest*. In Beekhoven, Bergervoet en Verstijlen (reds.) 2014.

—. 2015. Terughoudingsbevoegdhede en oënskynlike spanning met saaklike sekerheidsregte en pandingsregte. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 1–25.

—. 2023. *Rei vindicatio* teenoor terughoudingsbevoegdhede – ’n allegaartjie van verwarring. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 588–602.

—. 2024a. Verhuur van ’n voertuig onder ’n afbetalingskoopkontrak vóór die laaste paaiement betaal is – die botsende belange van die insleepdiens se retensiereg op die voertuig na ’n ongeluk. (87) *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 119–36.

—. 2024b. ’n Perdepaspoort, logboek, mantel of die *invecta et illata* in huureiendom is geen objekte van ’n retensiereg van die besitter nie. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 2024(2):222–46.

Sonnekus, J.C. en E.C. Schlemmer. 2015. Sameloop *pactum de non cedendo*, sessie *in securetatem debiti* en retensiereg deel 1. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 239–58 en 537–50.

—. 2019. *Beginsels van saaklike- en persoonlike sekerheidsregte in die Suid-Afrikaanse reg*. Kaapstad: Juta

Wiarda, J. 1937. *Cessie of Overdracht van schuldvorderingen op naam naar Nederlandsch burgerlijk recht*. Zwolle: Tjeenk Willink.

Wien, A. 2001. Das Zurückbehaltungsrecht des Abschleppunternehmers. *Deutsches Autorecht*, 70(2):60–63.

Wiese, M. 2012. Die aard en werking van retensieregte: ’n regsvergelykende studie. Doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika. https://ir.unisa.ac.za/handle/10500/8478.

—. 2014. The legal nature of a lien in South African law. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 17(6):2526–53. https://doi.org/10.4314/pelj.v17i6.08.